# GOD ROEP ALMAL WAT OP SIONSMURE STAAN

# TOT `N HEILIGE LEWENSWANDEL

Toe ons tot redding gekom het en toe ons `n totale oorgawe aan God gemaak het, het Hy ons lewens verander want Sy lewendmakende Gees het ons toe aan God verbind. Ons het `n nuwe skepsel in Christus geword en om hierdie rede kan ons `n afgesonderde (kadosh) lewe tot eer van God lei.Dit is die wonder van waaragtige bekering!

Dikwels, egter, kom ons tot `n "gevoels" bekering, dit is op `n jong leeftyd maar ons besef dan nog nie op daardie stadium van ons lewe waaroor alles gaan nie, en veral met betrekking tot die uitdagings wat aan "roeping" gekoppel is. Ons doen dan dinge omrede dit van ons verwag word.

Ons sal dan outomaties weet dat ons ons volgens die Woord van God, en veral volgens die voorbeelde wat ons rolmodelle aan ons stel, ons MOET bekeer en laat doop. Maar eers later in ons lewe maak ons op `n veel dieper vlak met Jesus kennis maak.

Dit is dan eintlik vir baie op hierdie "ideale" tyd toe Jesus ons ook geroep het om ons totaal-en-al aan Hom te verbind. Sou God dan ooit op `n besondere wyse met ons ontmoet het en die begeerte sedertdien intens in ons gemoedere ontbrand om vir die Here te werk, sal hierdie "tweede definitiewe werk van genade" waarna daar so dikwels in vroeë Pinkster in preke verwys was, dan in ons lewens manifesteer. Eintlik is Christus se kruisdood daardie tipe werk van genade omrede dit toe in plek geval het.

Diegene wat hierdie tipe ontmoeting met Jesus dan ook as "die aanvang van my roeping" kan beskryf, sal dan net weet dat hulle `n besondere, spesifieke "deurbraak" in hulle verhouding met God ervaar het. Dit is inderdaad so dat baie wie alreeds van jongs af `n liefde vir Jesus en Sy saak in hulle harte gekoester het, eintlik eers later in hulle volwasse stadium in Christus tot die besef kom dat God hulle aankeer, konfronteer, tot `n volle oorgawe aan Hom. En dit is hierdie "spesiale roeping" wat God dan in werking stel op `n gegewe tydstip volgens Sy wil en welbehae. Dit is dan inderdaad soos `n nuwe begin in `n geroepene/gesalfde se lewe want vanaf daardie oomblik tree

hierdie tipe roeping dan in werking.

As ons die Woord van God noukeurig sou lees, en die teks in diepte nagaan, behoort ons tot die besef te kan kom dat “roeping” die belangrike kentering in `n lewe bring. Waar so een inderdaad gelowig was maar wie nog nie op daardie plek was waar God se plan en doel volkome in werking getree het in so een se lewe nie – hy/sy het met ander woorde nog nie agter die poelpit stelling ingeneem en begin preek nie - sal alles meteens verander en dit is dan die spreekwoordelike “omswaai” na Christus toe. Dit is eintlik `n nuwe begin omrede hierdie begin dan kenmerkend is aan `n totaal nuwe dimensie in mens se lewe. Dit is amper soos die “big bang” wat meteens plaasvind en dikwels voortspruitend uit `n sameloop van omstandighede.

Hierdie tipe “ontmoeting” met Jesus is dan meer as “algemene” bekering en wat ons wel oorhaal tot geloof in God en wat wel aan ons sekere voorskrifte van God voorhou want hierdie tipe illuminasie wat dan plaasvind, is eintlik die vertrekpunt van `n geroepene se totale oorgawe aan God en sodat Sy doel en plan dan volkome in werking kan tree. Dit is dan inderdaad daardie tydstip wanneer so `n geroepene daadwerklik sy of haar lewe op die altaar lê en dan volg daar vanselfsprekend die aanslae van satan wat gewoonlik teen almal wat God in alles wil behaag in werking sal tree – dit is weereens spesifiek verwysend na daardie tipe geroepene wat `n spesiale salwing van God ontvang, en veral vir `n gegewe tydperk, om Sy Woord te verkondig *soos wat God dit verlang*, of wie dan `n gawe begin beoefen wat God op so `n gesalfde lê en veral `n profetiese gawe of `n gawe van uitstaande genesings (wonderwerke) om Sy bestaan te bevestig en veral ten tye van groot geestelike verval en afvalligheid. Om dan te sing, “My al is op die altaar”, is voorwaar `n baie ernstige saak, dit is voor God sowel as mens wat dan hierdie kentering beleef maar ook aanskou.

Wat dan op die spel by spesiale geroepenheid is, is altyd volkome oorgawe gegote in geloofsgehoorsaamheid. En dikwels gebruik God die ervarings wat gesalfdes te beurt geval het in hulle vroeër lewe juis om `n spesiale roeping tot wasdom te bring, en soos wat dit duidelik blyk uit die lewe van Paulus.

Wat dan belangrik is met hierdie saak in gedagte, is dat God tydperke (=God se bestemde tyd volgens die Woord) bepaal vir Sy geroepenes, dit is met betrekking tot ware Heilige Gees-salwing en wat dan ook ten uiting sal kom in ware en besondere salwing. Sommige geroepenes ervaar byvoorbeeld God se roeping en salwing vroeg in hulle lewens en hulle spring dan ook dadelik weg om aktief vir die Here te werk terwyl ander weer die salwing eers in hulle latere lewens ervaar en

hulle mag dan hulle lewenslot op `n veel ander wyse ervaar. God bly natuurlik in albei gevalle die beplanner van Sy geroepe gesalfdes se lewens want God se roeping gaan weereens altyd gepaard met Sy bestemde tyd! En dit is God wat die keuse maak, dit is wie Hy wil gebruik op watter gegewe tydstip, en nie mense nie. En dikwels is geroepenes, soos byvoorbeeld Jeremia wie geroep was as jong seun, nie dadelik bereid om die Here te gehoorsaam nie, en om hierdie rede het Jeremia geprotesteer toe hy geroep was as profeet. Roeping loop dan nie altyd "smooth" nie.

Maar alles inaggenome, die belangrikste is dat elkeen wat dan spreekwoordelik hulle verbind tot die poelpit, dit is tot die altaarbediening, moet dan rein voor God lewe en hierdie tipe moet dan God in elke opsig volkome probeer behaag. Die mens bly natuurlik altyd menslik en God is natuurlik altyd in Sy kinders se lewens aan die werk om elkeen tot perfektheid in Hom te lei, maar veral seksuele sondes en blatante, moedswillige oortreding van God se voorskrifte, aan ons voorgehou in Sy Woord, mag niemand wat geroep is ooit doen nie. En net God ken die mens deur en deur! Geen mens mag dan op die stoel van Moses stelling inneem en links en regs die oordeel vel nie (1 Kor. 4.5).

God het juis voorskrifte en riglyne in Sy Woord neergelê omrede Hy die mens wat gedurig tot afvalligheid neig, deur en deur ken, dit is nog voordat die mens of geroepe in die wieg gelê is. Feit is God gebruik aardse vate wat van klei gemaak is, nie engele nie! En Hy gebruik veral gebreekte vate en soms ook erg beskadigde vate sodat Hy hulle juis kan vorm volgens Sy plan en wil. Om hierdie rede vind daar gewoonlik "eienaardige" dinge in die verloop van `n gesalfde van God se lewe plaas maar dit is dan hierdie tipe lewenservaring wat God juis gebruik om Sy volmaakte plan en doel deur so `n lewe in werking te kan stel. En dit is dikwels hierdie tipe persoonlike geskiedenis of profiel wat die natuurlike mens wat nie die Gees van God het nie, maklik kan begryp nie.

Vanaf daardie oomblik wat `n geroepene dan agter die poelpit stelling inneem (die werk van die Here doen soos by die altaardiens en toe die diensdoende priesters afgesonder was vir God se werk) moet so `n persoon, man of vrou, volkome in gehoorsaamheid wandel. Dit is dan God se optimale vereiste. Maar so `n geroepene sal dan nogsteeds in sy/haar gees deur God geheilig word op sy/haar lewenspad – God se fynere afronding vind dan volgehoue plaas in elke mens se lewe, geroepe of nie geroepe. En hierdie tipe "heiligmaking" of "reiniging van gees" is `n proses waardeur almal sal moet gaan net soos wat Paulus dit dan ook in sy *Brief aan die Galasiërs* aan ons verklaar, naamlik dat hy (die menslike Paulus) daagliks sterf want sodoende sou hy God volkome behaag.

Net soos wat Paulus dan daagliks gesterf het en voor God geheilig was wat sy gees en optrede betref – hy was baie duidelik erg gekritiseer deur sy vyande wat altyd fout gevind het met een of ander optrede van hierdie spesiale geroepene van God – op dieselfde wyse moet ons dan voortdurend ons aan God se wil onderwerp totdat ons daardie oomblik van volkome volmaaktheid in Hom bereik het want geen mens is ooit sonder sonde of sondige neigings gebore nie. Om hierdie rede moet ons "sonde" voortdurend aflê en goeie dade najaag (Gal. 5). En "sonde" het natuurlik vele fasette en skakerings.

Paulus verklaar baie beslis dat Jesus in die vlees gekom het om "sondaars" tot bekering te roep en hy verklaar tersefdertyd dat "almal gesondig het" (1 Tim. 1.15). Jeremia weer wys daarop dat sy eie volk geneig was om hom (dit is baie duidelik `n implisiete verwysing na homself) te veroordeel "terwille van `n woord". Die verdrukte Jeremia het dan ook in woorde gestruikel al was Hy God se baie spesiale, uitverkore geroepe vanaf moederslyf.

Totale heiligmaking is dikwels dan iets is wat eers volkome sal en kan plaasvind wanneer ons die spreekwoordelike "Nou Poort" sal deurgaan, dit is daardie spesifieke tydstip wanneer ons die kelk van die doodstryd dan sal moet ledig, dit is natuurlik met betrekking tot ons eie persoonlike aanslae, persoonlikheidstrekke, temperament waarmee ons vanaf konsepsie bedeel was, ook ons algemene gedrag en optrede wat ook aan Christus se gesag en invloed onderwerp moet word en wat God dan stelselmatig tot perfektheid sal lei na gelang ons op die geloofspad hier benede vordering maak (=heiligmaking).

Feit is sommige, en veral spesiale geroepe profete se lewens is so moeilik en daar word dikwels soveel kwaad aan hierdie tipe spesiale gesalfdes gedoen dat hulle die sonde van verbittering in hulle lewens toelaat en wat dan ook deur die heiligmakingsproses sal moet gaan. Maar dit is natuurlik iets wat elke spesiale geroepene van God in die algemeen sal ervaar en natuurlik weens "spesiale salwing". En God is dan uitmutend die Regter en nie die mens nie omrede die mens voor die kop sien, maar die Here sien die hart aan (Samuel)!

Ons groei dan wel van stap tot stap veral as ons in `n Christelike ouerhuis grootgeword het maar dit is nie dieselfde as toe ons diep persoonlik tot die volle besef gekom het van die krag van verlossing deur Hom, ons Heiland, nie. En dit is hierdie tipe "regte tyd" kentering wat ons dan dwing om God in Gees en Waarheid te dien, net soos wat Paulus ook tot die diepte van bekering gekom het tydens sy Damaskus ervaring met Jesus. Dit is ook hierdie "regte tyd" roeping wat ons bereid maak om

Jesus gehoorsaam te volg waar Hy ook lei. Soms wag Jesus, ten spyte van groot bemoeienis wat Hy met ons lewens maak om ons gereed te maak vir die inwerkingstelling van ons roeping, baie lank op ons "gereedmaak" en voorbereiding wat natuurlik altyd met volkome oorgawe en gehoorsaamheid gepaard gaan omrede Jesus nooit ons wil sal verkrag nie! Ons moet dan self die volle oorgawe willens en wetens en met volkome opregtheid van hart en gees maak alvorens ons optimaal deur Jesus gebruik sal kan word.

As ons dan so diep persoonlik met Jesus kennis sou maak, gaan ons gewis van heerlikheid tot heerlikheid! Die wonder van geestelike groei vind dan optimaal in ons lewens plaas vanaf daardie oomblik wanneer ons Jesus werklik ontmoet op ons lewenspad en wanneer ons `n diep persoonlike geloofskentering in ons lewe ervaar wat ons tot volle geloofsgehoorsaamheid oorhaal.

Dan eers sal ons kan uitroep: "Here Jesus, van nou af volg ek U net waar U lei!" Ook, "Stuur my Here, stuur my!" Maar mag God ons help om te dan te DOEN wat Hy van ons verlang en nie soos wat ons die opdrag wil rasionaliseer nie! (Let op die lewe van Jona).

Dit is hierdie volle, volkome oorgawe wat ekself in 1980 ervaar het en toe ek waaragtig tot die besef gekom het van die wonderlike liefde van Jesus en wie my toe ook geroep het om my volkome aan Hom toe te wy! Toe het God my afgesonder vir Sy werk en verklaar dat Hy my op paaie wat ek nooit geken het nie, sou lei. Wat `n wonderbare Heiland dien ons nie en soos ek een nag in `n visioen aanskou het, is dit inderdaad. Ek het gesien ek loop saam met Jesus maar ek het `n tou om my lyf gehad wat weer aan Sy lyf vasgemaak is en waarop Hy toe aan my verklaar het dat ek nou Sy slaaf is.

Ek dank die Here, ten spyte van al die storms en stryd waardeur ek gegaan het en steeds nog gaan, en al die aanslae wat ek moes verduur het van vele kante, dat ek Hom volkome kan dien en net vir Hom kan lewe! Mag Hy ons help om gewillige slawe vir Hom en tot Sy heerlikheid te wees. Dit is ware geroepenheid! "Alles gee ek oor aan U Heer, alles gee ek oor!"

Ester Blomerus

[Omrede sosiale dans vir baie Christene vandag aanvaarbaar is, beveel ek die volgende twee webwerwe oor hierdie saak aan. Kerkvader Klemens was na bewering teen dans want volgens hom het die vroegste Christene nie daaraan deelgeneem nie. Ek verwys nie nou na religieuse danse soos wat die Judaisme dit handhaaf nie. Ek skaar by veral by die artikel wat op die *Assemblies of God*

se webwerf wat ek hier kwoteer, verskyn. Ons word beslis geroep tot volkome toewyding aan Jesus. Mag God ons help om Hom volkome in alles te behaag!

http://www.gotquestions.org/Christian-dance.html

http://ag.org/top/Beliefs/topics/charctr_13_social_dancing.cfm